AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

## WISKUNDIGE STATISTIEK

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 op die Pretoria-kampus 'n voltydse pos vir 'n dosent of senior dosent in Wiskundige Statistiek in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

'n Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. 'n Dosent streef na erkenning as leier op 'n vakgebied en verdieping in alle klasaanbiedinge.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- Kurrikulumontwikkeling
- Navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- Opstel van assesseringsaktiwiteite vir 'n kontakleeromgewing
- Akademiese gemeenskapsdeelname
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- 'n Doktorsgraad is die minimum vereiste vir 'n senior dosentpos en 'n meestergraad vir 'n dosentpos
- Drie tot vyf jaar hoëronderwyservaring of drie tot vyf jaar ervaring in onderrig of opleiding
- Kennis van en kundigheid in die elektroniese onderrig-en-leer-omgewing
- Gepubliseerde akademiese artikels
- Praktykervaring
- Ervaring in versnitte leer (blended learning)
- Blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia
- Ervaring in die ontwikkeling van studiemateriaal sal in kandidate se guns tel

## VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- Onafhanklike funksionering in spanverband
- Ondernemingsgees en oplossingsgedrewe
- Vermoë om werk onder druk te voltooi
- 'n Liefde vir Afrikaans
- Vermoë om 'n ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 5 September 2025 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.